



# Hoofstuk van die dag: 1 Petrus 2

*Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle ’n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. (vers 20-21)*

Petrus skryf in vers 18 aan “bediendes” (letterlik *slawe*); en onthou, slawe het géén regte gehad nie. Hulle is dikwels deur ’n wrede eienaar mishandel, en hulle kon daar niks aan doen nie. ’n Mens hoef nie ’n goeie verbeelding te hê om te weet hoe sulke mense gevoel het nie: verontwaardig, kwaad …

Petrus sê: Op so ’n punt moet hulle (en ons) onthou: Dis nie net ons wat so onskuldig ly nie. Jesus Christus het ook so vir ons gely, en veel erger nog – Hy is doodgemaak, gekruisig, onskuldig, sonder om terug te baklei, al kon Hy ook.

Soos Hy nie terug baklei en beledig en gedreig het nie, so verwag God van ons om ook, as ons ly, nie terug te baklei nie (vers 21).

Daarom noem Petrus sy lesers “vreemdelinge in die wêreld” (vers 11). Ons ís anders as ander mense, en ons móét anders as die wêreld optree en lyk en dink en reageer.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief


Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026